

28 September

Skrifgedeelte 1 Korintiërs 13:1-7
Fokusgedeelte 1 Korintiërs 13:4-7

Toerusting in liefde: Wat liefde is

Die liefde is om geduldig en vriendelik te wees, net dié twee dinge word gesê.

Die liefdesgeduld beteken dat jy hier binne-in jou baie rustig is en dat jy die rustigheid ook buite wys, juis te midde van moeilike omstandighede en lyding. Dit beteken dat jy die rustigheid het om, wanneer daar verkeerd opgetree word, jy jou nie onmiddelik vererg en wil vergeld nie. Die liefdesgeduld gee dat jy die geduld het of beoefen om te wag met die hoop dat die een wat verkeerd doen, tot inkeer sal kom.

In Eksodus 34:6 word gewys dat die Here alle rede het om Israel te straf, maar dat Hy sy toorn terughou en hulle genoeg geleentheid gee om berou te toon en tot bekering te kom. So moet die gelowige mens dus eerder 'n probleem met geduld aanspreek en tyd gun om te beseef wat verkeerd gedoen is. *Hoor mooi, geduld binne jou gemoed en geduld hier buite is wat liefde is.*

Die vriendelikheid beteken “om mooi op te tree”, “om liefdevol te wees, om ’n “gentleman” te wees. Sommige vertalers vertaal dit met “goedertierenheid”. Met deurlopende, begeleidende vriendelikheid moet die gelowige bereid wees om ’n sondige persoon tyd vir die inkeerproses te gun.

In jou hart en gemoed is jy as gevolg van iets wat die persoon gedoen het, só ontsteld en seergemaak dat dit byna onmoontlik is om vriendelik te bly. Tog sal volgehoue vriendelikheid die een wat verkeerd doen, baie gouer verander. Die pad om reg te maak, is soveel meer oop en maklik met ’n vriendelike liefde. Geliefdes, vriendelikheid “is liefde”.

Sing: Skrifberyming 9-4:4

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)